

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 3 • MAY / JUNE 2024

**LIMPOPO-KULTIVARPROEWE  
ONDER BESPROEING IN 2023:  
DENDRON EN TOM BURKE**

**INSIDE: 2024 BAYER  
SEED POTATO GROWER  
FINALISTS ANNOUNCED**

Overview of  
world potato markets

Water quality concerns  
and contingencies

Unleashing the potential  
of potatoes: Marketing



# Bekamp blaarmyner, aartappelmot én *Tuta absoluta*

Deur Albert Potgieter, landboukundige, Villa Crop Protection

**D**ie gewasbeskermingsbedryf is wêreldwyd onder druk om veiliger chemie te gebruik en 'n meer verantwoordelike benadering tot plaagbeheer te volg. SPINOSIN 480 SC, met die aktiewe bestanddeel, spinosad, voldoen aan al hierdie vereistes.

## Wat is spinosad?

Spinosad, die aktiewe bestanddeel van SPINOSIN 480 SC, is bekend vir sy goeie werking op *Lepidoptera* en ander insekplae in verskeie gewasse. Spinosad is ontwikkel uit die *Actinomycetes*-bakterieë (*Saccharopolyspora spinosa*) deur 'n fermentasieproses wat baie soortgelyk is aan die meer bekende *Bacillus thuringiensis*-materiaal.

Wat spinosad egter in 'n heel ander klas as die gewone chemie plaas, is die feit dat dit baie veilig is vir bye, parasitiese wespe en ander voordelige insekte sodra dit droog is. Dit beteken ons kan hierdie chemie

gebruik waar die meeste ander glad nie aangewend kan word nie.

## Hoe werk spinosad?

Spinosad is 'n nie-sistemiese, maar translaminêre aktiewe bestanddeel. Dit bied 'n baie breë spektrum van insekbeheer in aartappels, onder meer van bolwurm, aartappelmot, *Tuta absoluta* asook blaarmyners. Dit beteken minder mengsels van verskillende produkte word benodig om al die belangrike plae te beheer.

Daar is baie min tot geen weerstandigheid teen hierdie aktiewe bestanddeel en die beste resultate word gesien waar probleem-insekte dit opneem deur dit te vreet. Dit het ook 'n matige kontakwerking. Dit is ook alombekend dat sekere insekte weerstandbiedend is teen piretroidede – SPINOSIN 480 SC pas perfek in by hierdie tipe gevalle.

## Praktiese gebruik

SPINOSIN 480 SC het 'n kort onthoudingstydperk van sewe dae in

aartappels, wat laatseisoentoedienings moontlik maak. SPINOSIN 480 SC is ook onder andere geregistreer vir tamaties, kanola en kool. Dit kan ook op 'n groot verskeidenheid ander gewasse toegedien word.

SPINOSIN 480 SC word aanbeveel teen 150 tot 300 ml/ha met 'n minimum van twee agtereenvolgende spuite elke sewe tot tien dae. Dit is belangrik om genoegsame water toe te dien om goeie bedekking te verseker – die toevoeging van DIRECT teen 50 tot 100 ml per 100 l water word aanbeveel. INTERLOCK® teen 250 ml/ha is ook altyd voordelig in enige toediening vir beter bedekking en penetrasie.

Gebruik SPINOSIN 480 SC in jou aartappelaanplantings vir maklike beheer van moeilike insekte.

SPINOSIN 480 SC Reg No L 9478 Wet 36 van 1947. IRAC-insekdoderkode: 5A aktiewe bestanddeel spinosad (Naturalyte) 480 g/l. Registrasiehouer: Villa Crop Protection (Edms) Bpk. Maatskappyregnr 1992/002474/07. Posbus 10413, Aston Manor, 1630. Tel 011 396 2233.

Vir meer inligting, besoek [www.villacrop.co.za](http://www.villacrop.co.za).

Tabel 1: Effek van spinosad op voordelige insekte.

Voordelige insekte	Kontak	Residueel
Parasitiese myte	Skadeloos	Skadeloos
<i>Neuroptera</i> (netvlerrigtes)	Lae risiko	Skadeloos
<i>Coccinellidae</i> (liewenheersbesies)	Lae risiko	Skadeloos
Parasitiese wespe	Medium tot hoë risiko	Lae risiko
Bye	Medium tot hoë risiko	Skadeloos